INFORMELE ASSESSERING

COVID-19

Werkkaart

1. **Verdeel die klas in groepe van 4 leerders per groep. Kies dan 'n groepleier.**
2. **Julle het gekyk na die video "01 Storie". Gee vir elke leerder in jul groep geleentheid om een van die opsies hieronder te kies. Die leerder vertel dan hoekom hy/sy hierdie keuse gemaak het. Begin jou sin met: As ek moet kies sou ek sê dat die COVID-19 pandemie sy grootste effek op ons gehad het vanweë die volgende:**
   - 2.1. Ons kon nie meer vrylik winkels toe gaan nie.
   - 2.2. Ons kon nie meer reis wanneer ons wou nie.
   - 2.3. Ek was bang dat ek gaan siek word met die COVID-19 virus.
   - 2.4. Ons het gevrees dat een van ons familielede die volgende gaan wees wat COVID-19 gaan kry.
   - 2.5. Dat my pa/ma/versorger hul werk gaan verloor.
3. **Kry konsensus in julle groep van watter een van die keuses onder punt 2 die grootste aantal van julle groeplede geraak het. Julle spanleier bied dan julle groepskeuse aan vir julle klas en gee ook julle motivering ten opsigte van julle keuse vir die klas.**